

## **Wat kan ek doen as my baas my nie hierdie regte gee nie?**

As ek slegs deur die BCEA of deur 'n sektorale vasstelling gedek word, moet ek die baas by my naaste Departement van Arbeid kantoor aanmeld. As ek deur 'n bedingingsraad gedek word, moet ek die baas by die bedingingsraad agente aanmeld.

As my baas my weens swangerskap ontslaan het, moet ek 'n saak by die CCMA open vir outomatiese onregverdigde afdanking.

Ek kan die Casual Workers Advice Office skakel as ek nie seker is of ek deur die BCEA, 'n sektorale vasstelling of 'n bedingingsraad gedek word nie.

Ek kan ook die CWAO skakel vir hulp met die verwysing van 'n outomatiese onregverdigde afdanking saak.

**Casual Workers'  
Advice Office  
(CWAO)  
082 812 1934  
076 551 7112  
2 High Road,  
Georgetown,  
Germiston,  
GAUTENG**



Afrikaans -Maternity Leave

**CWAO**  
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

## **KEN JOU REGTE**

# **Kraamverlof**

## **(Maternity Leave)**

**Artikels 25 en 26 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (BCEA) gee kraamregte aan vroulike werkers. Artikel 187 (1) (e) van die Wet op Arbeidsverhoudinge (LRA) sê dit is outomaties onregverdig om 'n werker af te dank vir enige rede wat met haar swangerskap te make het.**

### **Wanneer kwalifiseer ek vir kraamverlof?**

Daar is geen kwalifiserende tydperk vir kraamverlof nie. My reg op kraamverlof hang nie af van hoe lank ek vir die baas gewerk het nie.

### **Kan ek ontslaan word omdat ek kraamverlof neem?**

Nee, ek kan nie ontslaan word omdat ek swanger wil raak, vir swangerskap, of enige ander rede wat met my swangerskap te doen het nie.



### **Wanneer kan ek teruggaan werk toe?**

Tensy 'n dokter of 'n vroedvrou sê ek is geskik om terug te gaan werk toe, kan ek nie teruggaan werk toe vir 6 weke nadat my baba gebore is nie.

### **Is kraamverlof betaalde verlof?**

Nee, kraamverlof is nie betaalde verlof nie. Werkers moet 'n kraamvoordeel van die Departement van Arbeid eis gedurende hierdie tyd. Vakbonde en werkers kan vir betaalde verlof met die baas onderhandel.

### **Wanneer kan ek kraamverlof neem?**

Ek kan enige tyd kraamverlof neem vanaf 4 weke voor die baba se geboorte. Of ek kan enige tyd verlof neem as 'n dokter of 'n vroedvrou dink dit is nodig vir my gesondheid of die gesondheid van my ongebore kind.

Die LRA sê dit is outomaties onregverdig as ek om enige rede soos hierdie afgedank word, of as die baas sê ek kan nie terugkom werk toe na my swangerskap nie.

### **Hoe neem ek my kraamverlof?**

Ek moet my baas skriftelik vertel 4 weke voor ek beplan om kraamverlof te neem.

### **Watter regte het ek by die werk tydens en na swangerskap?**

Tydens my swangerskap, en vir 6 maande nadat my kind gebore is, moet my baas my nie toelaat om nagwerk doen of werk te doen wat my gesondheid of die gesondheid van die kind sal beïnvloed nie. Die baas moet my ander werk gee om te doen. My baas kan my nie toelaat om werk te doen wat gevaarlik is vir my gesondheid of die gesondheid van my kind wanneer ek nog borsvoed na my kind gebore is nie.

### **Kry ek steeds kraamverlof al het ek 'n miskraam of 'n stilgeboorte?**

As ek 'n miskraam het in die laaste 3 maande van my swangerskap of ek het 'n stilgeboorte, is ek geregtig op 6 weke se kraamverlof, selfs al was ek nie met kraamverlof ten tyde van die miskraam of stilgeboorte nie.

### **Hoeveel kraamverlof kry ek?**

Ek kry 4 maande kraamverlof wat opmekaar volg (4 opeenvolgende maande).